

Sing vooraf: Psalm 34:8;

-8-

*Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teëspoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 116:1, 10.

-1-

*God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.*

-10-

*Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.*

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir 'n nuwe lewe waarin ons versoen
is met die Here met die sing van Psalm 51:5.

Wet

Psalm 51:5.

-5-

*Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly
nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van
my nie.*

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede
en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 66:7.

-7-

*Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.*

*Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.*

Skriflesing:-Sagaria 4.

Teks:-Sagaria 4: 6

Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskaer. (Sagaria 4:6 AFR53)

Elke gelowige beland soms in 'n toestand waar hy moedeloos word.

- Siekte, spanning, werkloosheid en onsekerheid maak dikwels dat ons onder druk kom en in twyfel verval.
- Net so raak 'n hele kerk soms terneergedruk as gevolg van bepaalde druk wat dit moet hanteer.

Dan vra mens jouself die vraag: Waarheen nou? Wat moet ek doen om uit my vrees of van my spanning af weg te kom? Ons sê baie keer dat dit net 'n wonderwerk is wat ons kan red.

Let op hoe hierdie naggestig van Sagaria die werk van God die Heilige Gees in die kerk openbaar maak:

- 1. Die Heilige Gees aan die werk.**
- 2. Die Heilige Gees werk in my.**
- 3. Die Heilige Gees verander die kerk.**

1. Die Heilige Gees aan die werk.

In hierdie gedeelte word beskryf hoe die Here deur die Heilige Gees in sy Kerk werk.

- Die olyfbome wat die konstante stroom van olie gee, simboliseer die Here Jesus se versoeningeverdienste.
- Dit simboliseer veral hoe die werk van die Heilige Gees daaruit voortvloei.
- Die onophoudelike stroom goue olie wat die lampe bly voed, simboliseer die teenwoordigheid en die werk van die Heilige Gees.

Die Here bou nie sy koninkryk met groot wonders wat opskudding veroorsaak, en deur krag en geweld nie.

- Hy bou sy kerk (dus: die gelowiges) deur sy Gees. Die Heilige Gees werk met ons gawes en verantwoordelikhede.
- In stilte moet ons elkeen ons stryd teen die duiwel en sy aanvalle voortsit.
- Ons hoef nie buitensporige dinge te doen nie, want ons werk met innerlike krag wat God in ons bewerk.
- Ons moet ons net bloot teen die verkeerde versit deur self 'n bekeringslewe te lewe.

Wat sien jy? word vir Sagaria gevra. Hy sien 'n goue kandelaar, met die oliekan wat die vlamme voed. Hierdie kandelaar het sewe koppe met 'n lamp in elkeen. Dit was nie vir Sagaria 'n vreemde beeld nie. Hy het dit goed geken.

- In die verlede het daar so 'n kandelaar in die tabernakel gestaan.
- In die tempel van Salomo het daar tien sulke kandelare gestaan.
- Die kandelare in die tempel is elke aand aan die brand gestee.
- Dit was die werk van die hoëpriester om te sorg dat hierdie kandelare bly brand.

Langs hierdie kandelaar staan daar twee olyfbome. **Hulle simboliseer ewige lig en lewe**, want hulle gee olie vir die kandelaar. Ons kry iets daarvan in Eksodus 27:20:

En jy moet die kinders van Israel beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die kandelaar bring, om gedurigdeur 'n brandende lamp te hê. (Eksodus 27:20 AFR53)

Die beeld verander ietwat in Sagaria se naggestig, want in die naggestig is nie 'n priester nodig om altyd olie in die lampe by te gooi nie. Die kandelaar in die naggestig is selfvoorsienend.

Die betekenis is dit:

- Die kandelaar is die kerk.
 - Die kerk word altyd deur die kandelare gesimboliseer.
 - Daar staan mos in Openbaring 1:20 dat die Here Jesus sewe kandelare in sy hand het, en hierdie sewe kandelare is die sewe gemeentes.

'n Kandelaar is gemaak om te brand en te skyn - die kerk moet dus lig laat skyn.

- Die kerk moet die lewe en die groei van die evangelie uitdra.
- **Die kerk kan dit doen!** Hier is dit duidelik dat die kerk tot stand kom, en voortbestaan deur die Gees van die Here.

Dit bring ons by die werklikheid van die tempel: Die Gees van die Here is in die kerk.

- Die Here self dra ons deur die geskiedenis.
- Die kerk het sy oorsprong by die Here, en deur die werk van die Gees van die Here moet die kerk bly bestaan.
- Die teenwoordigheid van God word ook gesimboliseer deur die getal sewe - die sewe ligte van die kandelaar.

Onthou dat hierdie profesie twee tydperke raak:

- Eerste is die tydperk van die tempel in Jerusalem. Die Gees van die Here het die volk toe inderdaad gedryf om daardie tempel te voltooi.
 - Onder Sagaria se aansporing het hulle so fluks gevorder dat die tempel in die sesde jaar van Darius voltooi was (Esra 6).
 - Later, onder Nehemia, het dieselfde Gees van God die volk beweeg om in twee en vyftig dae die hele muur van Jerusalem te herbou.

- Die tweede is die tydperk van die Nuwe Jerusalem, waarvan ons deel sal wees. Die plek waar die Here oor ons en saam met ons lewe. Luister wat het die apostel Johannes van die kandelaar en die hiernamaals gesien en gehoor:

Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. (Openbaring 1:12-13 AFR53)

...die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. Skryf aan die engel van die gemeente in Efeze: Dít sê Hy wat die sewe sterre

**in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:
(Openbaring 1:20-2:1 AFR53)**

Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. (Openbaring 2:5 AFR53)

2. Die Heilige Gees werk in my.

Die Heilige Gees onderstreep die verantwoordelikheid wat elkeen van ons in die kerk van die Here het:

- Die Heilige Gees het nie die kerkmure in Jerusalem opgetoor nie.
- Hy het gewerk in die harte van die inwoners van die kerk, sodat hulle die fisiese bouwerk gedoen het.

Kyk net weer vir 'n oomblik na die toestand wat daar was.

- Van binne af het die volk self gestagneer - hulle Godsdienste het vasgesteek.
- Maar deur die prediking van die Woord van die Here deur die profeet - en dit was hierdie naggesigpreke! - het die volk tot aksie oorgegaan.
- Van buite af was die Samaritane dwars, maar die Gees het tog die harte van die regeerders oorheers, sodat Kores die bevel gegee het dat die tempel herbou moes word.
- In die hart van Tattenai is daar versigtigheid gewerk, sodat hy nie die werk aan God se kerk benadeel het nie.

Stil-stil het die Gees van die Here gewerk.

- Daar was geen swaar donderslae en aardbewings wat skrik en angs veroorsaak het nie.
- 'n Heiden sal hierdie geskiedenis lees sonder dat hy eers die almag van God die Heilige Gees se werk sal agterkom.

Pas dit nou toe: Dit gaan hier nie net oor Sagaria en sy tyd nie. Die Heilige Gees werk nog al die tyd - ook in ons gemeente. En Hy werk ook nog net so kragtig soos toe!

Daarom moet ons onself toets teen die werking van die Heilige Gees en die verwagtinge wat Hy van ons verantwoordelikheid het.

Kom ons begin by onself.

- Die Here openbaar dat die kerk in die eindtyd heeltemal gaan verwêreld.
- Ons wat in die tyd leef, moet baie versigtig wees daarteen dat ons ons nie meer aan die dwang van die wêreld onderwerp as wat ons ons aan die sagte eise van God se liefde onderwerp nie.
- Verkeerde dinge sal net gebeur wanneer die Heilige Gees in ons werk, maar ons nie na Hom wil luister nie.

Enige waarlike gelowige moet eerlik erken dat ons sondes 'n uiting van ons verset teen die werk van die Heilige Gees in ons is.

- Maar nou hoef ons nie eersaam te voel nie, want dis presies hoe dit met die Jode gesteld was toe Sagaria hierdie preek gepreek het.

- Maar die feit dat Sagaria hierdie preek gaan preek het, is ook die bewys dat die Here hierdie sondes vergewe wanneer daar berou en bekering kom.

Die Here gee die oplossing om uit hierdie doodsheid te kom.

- Ons moet net luister na wat God vir ons sê en van ons vra.
- Die Heilige Gees leer ons sekere dinge, en as ons dit gehoorsaam, sal ons lewens en die pad waarop die kerk beweeg, regkom.

Die verandering in ons kom ook heeltemal prakties. *Daar is nie geweld en groot kragte wat die verandering in ons kenmerk en aan ander mense openbaar nie.*

- Ons sal net meer bid en meer Bybel lees.
- Ons sal vanself elke keer wanneer die Here ons seën tydens 'n erediens daar wees om Hom te aanbid.
- Ons sal dieper oor die doel van ons lewe dink.
- Ons sal die eer van die Here al hoe meer vooropstel in ons lewe en in ons gedagtes.
- Ons sal ook minder baklei teen onself en teen die eise wat die Here op ons lê. (Sommige mense het altyd die gevoel dat die Here se wil hulle bedreig en dan opponeer hulle alles deur te veg en rusie te maak dat hulle hulle eie sin kan kry).

Die volk het ook gedink dat hulle net die tempel kan voltooi as hulle veg - en toe kon hulle niks doen nie, *want aggressie is nie 'n stalmaat van verantwoordelikheid wat gebore word uit ons liefde van die Here nie.*

Daarom is die Here se boodskap:

Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die Leërskare.

3. Die Heilige Gees verander die kerk.

Dan kom ons by ons kerk - ons gemeente: Vra u self die vraag af of ons werklik kerk is in alles wat die Here van ons verwag.

Is ons nog waarlik kerk? Die antwoord is: Ja, ons is nog kerk, al is daar gebiede waar ons veragter geraak het.

- Die Here gaan nie hierdie dinge waarmee ons agter is, met wonderwerke, en kragopenbaringe regmaak nie - die Here werk deur die stilte van sy Heilige Gees.
- Ons moet net na die stem van die Heilige Gees luister.
 - Dan sal elkeen weet wat moet hy/sy bydra, en ons sal weet hoe om te bid, en die Here te loof - nie net u as huisgesin nie, maar ook ons saam as gemeente!
 - Elke gemeentelid moet net in stilte sy plig nakom teenoor die Here. Dis al.

Die Heilige Gees werk met en in die kerk.

- Die Heilige Gees werk met mense, want Christus het vir mense gesterf. Vir u en vir my.
- Die Here Jesus se dood verseker ons van ons saligheid.
 - Dit maak ons juis verantwoordelik, want deur die kruisdood van Jesus Christus is die Heilige Gees oor ons uitgestort.

- *Die Heilige Gees bewerk juis geloofsverantwoordelikheid.-*

In die Naggesig sien Sagaria hoe die sluitsteen ingesit word terwyl daar uitgeroep word: **Genade, genade oor Hom.**

- Die sluitsteen waarna hier verwys word, is Jesus Christus en sy werk, want die sluitsteen hou die deur oop wat na die binnekant van die tempel toe gaan.
Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword. (Psalm 118:22 AFR53)
- Die Here Jesus maak dus vir ons die pad in die koninkryk van God in oop, en die Heilige Gees lei ons om deur die deur in te gaan in die heiligdom van God in.

Die Heilige Gees is die olie wat die vlam van ons geloof en aanbidding aan die brand hou.

- Daarom noem die Here Jesus Hom die ander Trooster.
- Die Heilige Gees hou ons uit wanhoop uit. Hy wys ons watter sin daarin is om te lewe.
- Hy laat ons verstaan waarom ons so dikwels beproewinge deurmaak. Hy lei ons ook sodat ons deur hierdie beproewinge kom.

Dis nie al wat die Heilige Gees doen nie. Die Here Jesus sê ook dat hierdie Heilige Gees ons **in alle waarheid sal lei.**

- Hy waarsku die gelowiges - dit beteken dat ons nie vir ons sondes by die Here verskoon sal word nie, omdat ons die waarheid van die Heilige Gees by ons het.
Ons weet wat ons doen.
- Die Heilige Gees laat ons ook uit die sondes wat wat ons doen opstaan.
- Hy maak dat die verkeerde dinge uit ons verlede ons nie meer hinder nie, omdat ons weet dat die Here ons dit vergewe het.

As ons almal hierdie gesindheid het, sal ons kerk ook beter vertoon. Daarom moet ons so lewe dat dit duidelik is dat die Heilige Gees die Dryfveer van ons lewe is.

- My lewe en julle almal se lewe moet dus mooi wees, om dit te kan getuig.
- Dan sal ons geloofslewe groei.

Onthou net, daaglikse bekering en wedergeboorte is nie 'n proses wat in een dag voltooi word nie.

- Dis 'n proses wat die Heilige Gees ons lewe lank werk.
- Maar soos wat die Heilige Gees al hoe langer met ons werk, moet die vlam van ons geloof en van ons getuienis ook al hoe helderder brand.

Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 33:3.

-3-

*Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig*

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 12 Februarie 2006.
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 7 Oktober 2012